# Oordeel

**In my loopbaan het ek al verskeie onderhoude gevoer wat my van een ding oortuig het: Moenie te vinnig 'n besluit oor enigiets maak nie.**

Wag eers totdat jy self met iemand gesels het wat hom/haar in die situasie bevind het en kry meer detail daaroor as wat daar in jou vriendekring daaroor spekuleer word. Ek wens ek kon net hierdie een wens bewaarheid kry ... Dat mense sal uitvind voor hulle oordeel. En ja, ek het al tydens satires na verskeie politici en bekendes verwys (en die spot met hulle gedryf!) wat ek nie persoonlik ken nie, maar ongelukkig geld minder reëls as jy die openbare arena betree. Jy is onder 'n vergrootglas ...'n Posisie wat jy natuurlik enige oomblik kan verlaat, of hoe?

Mense-oordeel. Ongelukkig. En al het Jesus dit baie duidelik gestel dat ons nie moet oordeel nie, sit die kerkbanke vol van diegene wat voel dat die vyf woorde "Jy mag nie oordeel nie" oorskadu word deur ander Bybelverse, waarvan die historiese konteks eenvoudig geïgnoreer word. Ek gaan nie meer kerk toe nie. Ek kan eenvoudig nie die selfopgelegde onkunde en oordeel van baie gemeentelede uitstaan nie.

Verstaan jy waaroor iets gaan voordat jy daaroor besluit? Wie iemand is voordat jy oor hom of haar besluit?

Hoekom probeer jy nie eers uitvind nie?

Ek is al veroordeel. Ek word veroordeel. Miskien lees jy nou hierdie rubriek en oordeel. Jy is seker ook al in 'n stadium veroordeel. Dít is mos maar onlosmaaklik deel van die lewe. Maar ek dink skielik vandag aan die mense wat al my lewenspad gekruis het. Diegene wat al lank teen die oordeel veg: Die "godfather", die "medium", die "psychic", die "dominatrix", die "engelfluisteraar" ....

Ek onthou skielik 'n wintersaand by die "godfather" toe hy persoonlik 'n kniekombers oor my kom gooi het. Ek onthou sy ongelooflike teerheid met veral sy twee kleuters. Hy is 'n beter mens as die meeste wat ek al ontmoet het. 'n Ware vriend en nie 'n "godfather" nie!



Foto Ivan Naudé Stilering Anlie Janse van Rensburg

Jy is seker ook al in 'n stadium geoordeel. Dit is mos maar onlosmaaklik deel van die lewe

Deur RIAN VAN HEERDEN

Ek onthou die "psychic" se oproep aan my gisteraand: "Ek is bekommerd oor jou ... Jy het Sondag by my verjaardagpartytjie so moeg gelyk ... Jy moet na jouself kyk!" My vriend, die psychic, is al deur talle geoordeel, maar hy het 'n ware gawe ... Keer op keer het ek hom al op verskillende programme gebruik en keer op keer was hy reg. Hy het my eenkeer vertel hoedat hy soms ná 'n lang dag vol mense wat 'n blik in hul toekoms wil hê, die deur agter hom toetrek en oor hul pyn huil ...

Ek was verlede Kersfees daar toe hy aan minderbevoorregte kinders geskenkies gaan uitdeel het. Maar nie net geskenkies nie, sepies, waslappies, lekkergoed ... Hy het alles oor 'n tydperk van bykans 'n maand self gereël. My vriend, die "psychic", wat só oor sy "duiwelswerk" veroordeel word, sorg ook vir 15 gesinne en gee die helfte van sy konsultasiefooi vir welsyn.

So vinnig die oordeel. So onregverdig altyd.

Ek sit onlangs gereed om 'n onderhoud met Belinda Bras-Nel, die "engelfluisteraar", te voer. Sy is baie senuweeagtig. Duidelik was daar al talle wat haar veroordeel oor die gawe wat sy oortuig is God self vir haar gegee het: Sy dra die engele se boodskappe aan ons oor.

Ek vra al die moeilike vrae. Ek is soms sinies. Ek het soveel as moontlik feite nodig voordat ek oor die teenwoordigheid van engele rondom ons besluit. Belinda vertel dat die engele ons bloot wil bystaan om ons volle potensiaal te bereik. Hulle adviseer ons altyd, maar uiteindelik wil hulle graag hê dat ons self moet besluit.

En dan: "Daar is twee engele by jou ..."

Kort ná die onderhoud vra ek Belinda om my kopie van haar boek te teken. Sy vra my of sy my engele se boodskap voorin kan skryf. Ek stem in.

In my aantrekkamer lees ek wat sy geskryf het. Die eerste sin slaan my stom ... Dít was 'n gevoel wat ek ook gehad het.

Buite die ateljee het dit begin reën en wanneer ek in my kar klim, kom ek agter iemand het oor die naweek die ruitveërs gesteel!

Ek besluit om in elk geval Pretoria toe te ry. Dit is spitsverkeer en sporadiese harde reënbuie bemoeilik my sig meer as wat ek gedink het.

Ook storm voetgangers gereeld oor die pad om so gou as moontlik van die ongure weer te ontsnap. Ek begin wonder of ek die huis gaan haal. Wat sal gebeur as ek die snelweg tref en agter die watersproei van trokwiele beland? Moet ek dalk aftrek?

Uiteindelik haal ek die huis ... in een stuk.

Glo ek nou in die bestaan van engele?

Ek weet net een ding vir 'n feit: Ek het nie genoeg kennis om te oordeel nie. Vk